# Sewende jaar by die Silbersteins

**OP DIE RANDAKKER met Rykie van Reenen**

UIT gesaghebbende bron: die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, aanstaande jaar sestig jaar oud, sal by dié geleentheid 'n boek uitgee oor die werk wat hy gedoen het, en doen.

Dit sal vertel (ek kyk bloot deur die jaarverslag vir vandeesweek se kongres in Bloemfontein) van sy werk vir die Afrikaanse taal — sy Taalkomissie, sy Vaktaalburo, sy taalkongresse — sy werk vir die bevordering van die Afrikaanse boek, vir die verkryging van 'n genealogiese buro, sy navorsingprojekte soos sy instituut vir Afrikaanse teksuitgawes, sy Afrikaanse taalatlas, sy instituut vir naamkunde, sy instituut vir die wetenskaplike dokumentasie van kunswerke, sy ondersoek na die stand van Afrikaans, sy bekronings op die gebied van die wetenskap, die ekonomie en bedryfsleer, die kuns, die letterkunde, die geestewetenskappe, sy publikasies (o.m. die Hertzog-annale), sy samesprekings en belangwekkende kongresreferate, sy skolesaamtrekke, wiskunde-olimpiades . . . (hand word lam).

Sover ek weet, is daar nog nie oor 'n titel vir die massiewe apologia pro vita sua besluit nie.

Miskien moet die Akademie dit noem: All this and the Silbersteins too!

## Net by een boek

Want dit is 'n merkwaardige feit: in die oë van die man op straat het die Akademie in sy ganse bestaan net een ding gedoen, en dit is om die enigsins duister — en ironies genoeg: heel goeddoelende — romannetjie van Etienne Leroux te bekroon.

Nou die dag nog weer het die Suid-Transvaalse Sinode van my N. G. Kerk op die hakke van die Noord-Transvaalse Sinode vroeër vanjaar, hom laat oortuig hy kan aan die Akademie geen woord van dank laat toekom vir sy bydrae op kultuurgebied nie, want, in die nou reeds bekende woorde van dr. S. J. Eloff van die gemeente Die Bult, Potchefstroom: „Ek kan geen dank betuig teenoor 'n liggaam wat Sewe Dae by die Silbersteins bekroon nie."

Dit was in die jaar 1964. Intussen is die Akademie se hoogste letterkundige prys 'n keer na Tristia van N.P. van Wyk Louw (sou die dominees weet wat staan alles daarin?) en, soos miskien nou reeds bekend, na Op die Flottina en ander versbundels van I. W. van der Merwe.

Maar nee, dit sê nie. Dis te jollie by die Silbersteins. Sewe Dae? Te min, te min! Die boek het in 1962 verskyn. Dit stap nou aan na Sewe geslae Jare dat my volk se hoeders by net dié een boek vertoewe.

Nuwe lied! Nuwe lied tog!

## Tam op die sesde dag

Vandeesweek wou ek 'n lang versuim vergoed, en my sewende dag by die Silbersteins deurbring. Vorige keer het ek baie plesier daar gehad, maar ná die vyfde, sesde dag tam huis toe gegaan, uitgeput deur die diep argumente oor goed en kwaad. (Wat sê u, terwyl ons nou daaroor praat: moet 'n mens eers die kwade eerstehands leer ken voor jy insig in die goeie kan kry, of was C. S. Lewis reg toe hy gesê het mens leer ken die wese van 'n versoeking nooit so deeglik as wanneer jy dit weerstaan nie?)

## Voorvrou se versoek

My boek het uitgeleen geraak, mag iemand se gewete hom knyp. Toe ek een by my boekhandelaar soek, sê hy: Uitverkoop — skoonskip die dag na die jongste sinode-uitlating. Ek was verplig en voer een in uit die Kaap.

Nou wonder 'n mens: kon dit die goeie dominees se bedoeling gewees het? Daar staan immers aangeteken die geval van die voorvrou van Pietersburg wat tydens 'n protesvergadering teen die Silbersteins betoog het dit moet tog ook in Engels vertaal word, opdat almal kan sien hoe 'n vreeslike boek dit is.

## Oom Giepie Ollenwaar

Nota aan letterkundige navorsers: ons weet nou al almal mnr. Podlashuc se wynplaas by Drakenstein is die prototipe van Welgevonden. Ek verwys u, vir dieper insig in die verskyning van Brutus, die spogbul van die Ollenwaarras en oom Giepie se loftoespraak op hom, na die voorwoord van mnr. T. P. van der Walt in die voorwoord tot Letelle, die baie interessante boek oor dié voortreflike skaapsoort wat hy ontwikkel het:

## Die Letelle-skaap

„Merino is 'n tipe skaapdier, wat 'n sekere vaste stel samegestelde fisieke eienskappe in vorm besit ooreenkomstig die vereiste agter grond van Lewe: dit is konstitusie. Tesame hiermee besit die dier nog die ekstra vereiste nl. die verskaffing van 'n waardevolle vesel: wol. Dit alles is so geharmoniseer om sy bestaan te regverdig en moontlik te maak, daarom kan die twee eienskappe nooit los van mekaar benader word nie.

„Onder hoogdrawende name van teling en wetenskap, kommersiële wol ens, het die mens in die afgelope vyftig jaar en meer die grootste wreedheid teenoor die wolskaap gepleeg wat te bedink is. Daar is selde respek getoon aan die inherente, die wesenlike, deur die Skepper-daargestelde eienskap van die skaap . . ."

Mystique ofte nie, 'n uitnemende dubbeldoeldier, die Letelleskaap.